19 September 2021

FAMILIE TUISBLAD

Jakobus 3: 13, 17-18

Erfenisdag
Hierdie week vier ons Erfenisdag (24 September) en ons kyk daarom na eg Suid-Afrikaanse woorde wat alle Suid-Afrikaners ken – ongeag watter taal jy praat! Watter van die volgende uitdrukkings aan die linkerkant ken jy? Kan julle dit verbind aan 'n beginsel uit die teks aan die regterkant?

My broe!	Kom ons gee om vir mekaar
Ubuntu!	Kom ons dink aan ander
Sorry né!	Kom ons laat dit goed gaan met mekaar
Ag shame!	Kom ons stry nie met mekaar nie
Shap!	Kom ons leef in vrede

Lees: Jakobus 3: 13, 17-18 Leef met wysheid

Gesels:

- Op Erfenisdag onthou ons dat ons verskil, maar dat ons een land is en almal kinders van God is. Hoe kan 'n mens bogenoemde SA woorde gebruik om met wysheid te leef in ons land?
- Hoe sal iets soos medelye en omgee ons land kan help?
- Kan jy dink aan nog SA woorde wat jy kan gebruik om met wysheid te leef tot opbou van ander?

Bid: Bid hierdie week vir ons land se mense en leiers – vir eenheid, vrede, wysheid, empatie en geregtigheid.

Doen: Kyk of julle hierdie week vreemdelinge kan groet in hulle eie taal of gebruik SA woorde om verhoudings te bou!

Luister hierdie week na nog oordenkings oor Jakobus 3 en **Suid-Afrikaanse Woorde van Wysheid** op die **DinkJeug Familie App.**

Laai die app hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za